NUUSBRIEF 16 VAN 2026 7 MEI 2026

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!



Mei-maand het aangebreek en ons is in die laaste maand van herfs voordat die winterseisoen aanbreek. Temperature is klaar besig om te daal en dit blyk dat dit ‘n koue winter gaan wees. ***Ons skakel amptelik na wintersdrag oor vanaf Maandag 11 Mei 2026.*** Sweetpakke is nie deel van wintersdrag nie en mag vir sportdeelname en op die dae wat die leerders buite LO het gedra word. Die klerekomitee het ook ‘n nuwe wind-breker ontwerp wat baie soos die sweetpakbaadjie lyk maar net dikker en warmer is. Die ou windbreker is nog toelaatbaar vir hierdie winter.





Na hierdie week is daar net meer as 2 weke oor voordat die eksamen begin vir die Gr. 4-7 leerders. ***Afbakenings vir die eksamen word binnekort versprei.*** Berei vroegtydig voor en vra as daar enige onduidelikhede is. Beplan die voorbereiding vir die eksamen deeglik saam met u kind/ers veral as hulle by buitemuurse aktiwiteite betrokke is.



NUUSBRIEF 16 VAN 2026 *7 MEI 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Ons doen weereens ‘n beroep op ouers om bedagsaam te wees in die verkeer om die skool en om versigtig te wees vir leerders wat skielik die pad mag oorsteek. Soos voorheen berig, het ons die hele skool opleiding gegee om die pad te kruis by die zebrastrepe en ons het ook die strepe geverf om uit te staan. Motiveer u kind/ers om die pad te kruis by die betrokke zebra-strepe waar motoriste meer bedag is op voetgangers. Ons vra ook dat ouers nie in of voor huise se ingange om die skool parkeer en dan hulle motors verlaat nie. Dit veroorsaak groot frustrasie vir die huiseienaars om die skool. Help ons asseblief in die verband.







## *Sondag is Moedersdag.*

Gelukkige Moedersdag aan al die Rynie-mammas. Ons wens vir julle is ‘n heerlike, geseënde dag gevul met baie vreugde en bederf.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LAERSKOOL RYNFIELD –
## Waar elke kind se avontuur begin!









# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## Ons vier Wêreldboekedag!



Baie dankie aan Oom Fanie Viljoen wat Maandag met ons leerders kom gesels het oor die belangrikheid van lees!







# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE

**Help ons om ’n verskil te maak!**

Ons Kaskardag is om die draai en die opgewondenheid bou behoorlik op! Baie dankie aan al die ouers en families wat reeds hul borglyste teruggestuur het of betalings via die Karri toep gemaak het. Julle ondersteuning beteken ongelooflik baie vir ons skool.

Ons wil graag alle ouers aanmoedig om asseblief hul voltooide borglyste so gou moontlik terug te stuur of betalings op die Karri toep te finaliseer. Elke bydrae help om van hierdie dag ’n groot sukses te maak!

Daar is ook nóg geleentheid om betrokke te raak — ons het tans nog 6 kaskarre beskikbaar vir borgskap. Dit is ’n fantastiese geleentheid vir families of besighede om deel te wees van die pret en terselfdertyd ons skool te ondersteun.

Indien u belangstel om ’n kaskar te borg, kontak gerus vir Juffrou Luvaine by:


✉️ gr5graadhoof@rynfieldlaer.co.za







**Kom ons werk saam om hierdie jaar se Kaskardag die beste nóg te maak!**



NUUSBRIEF 16 VAN 2026 *7 MEI 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## SPREEKKOOR

Onthou asseblief dat spreekkoor volgende week begin.

Oefentye: **Gr. 1-3** Donderdae 7am (saal)
**Gr. 4-5** Woensdae 7am (Juf. Reené-Mari se klas)
**Gr. 6-7** Dinsdae 7am (saal)

## DEBAT

Onthou asb van ons verpligte werkswinkel om ons debateerders se kennis op te skerp hierdie Vrydag, 14:00 in die skoolsaal. Bring asseblief ‘n kospakkie vir die middag saam. Spanne is vir die Pretoria uitdunne ingeskryf om hul meer tyd te gee vir voorbereiding. Let wel. Die datum bots met Interskole Public Speaking sowel as met ons Prestige Redenaars toernooi.

Groete Juf. Juazelle


## PUBLIC SPEAKING


Baie geluk aan al ons deelnemers. Ons is vreeslik trots! Hier volg die uitslae:

**<u>Graad 2</u>**

1ste Zaria van Wyk
2de Karmi Loots
3de Miané Greyvenstein









**<u>Graad 3</u>**

1ste Declan van Wyk
2de Kensi Engelbrecht
3de Amore le Roux

NUUSBRIEF 16 VAN 2026 *7 MEI 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

**<u>Graad 4</u>**

1ste Emily Raysdorff

2de Camarin Craig

3de Mila Nel







**<u>Graad 5</u>**

1ste Milea du Plessis

2de Nathan Viljoen

3de Conrad Hoffmann

**<u>Graad 6</u>**

1ste Kayla van Wyk

2de Carli du Plessis

3de Annebelle Botha







**<u>Graad 7</u>**

1ste Hein Hoffmann

2de Carmi Kruger

3de Callum Craig

## ORATORS

Onthou dat alle Engelse spantoesprake as harde kopie voor die einde van Mei ingedien moet word .

**Alle redenaars en spanne moet asb oefensessies met Juf. Coffey of Juf. Barbara reël sodat ons jul kan help opskerp. Sterkte en leer lekker aan jul toesprake.**

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART:

| | |
|---|---|
| Maandag, 11 Mei | Hotdogs |
| Dinsdag, 12 Mei | Hoender “pops” & tjips |
| Woensdag, 13 Mei | Jaffels |
| Donderdag, 14 Mei | Wraps |
| Vrydag, 15 Mei | Kombo - Rynie Ratel burger + coke + chips @R50 |





# NASKOOL




## LAERSKOOL RYNFIELD

## SKOOLVAKANSIEDAE EN VAKANSIEDAE:

Graag herinner ons u dat die naskool op publieke vakansiedae en spesiale skoolvakansiedae gesluit is. (Sien bylaag A, punt 3.4 van die inskrywingsvorm)

Dus is die naskool op die volgende dae in Junie gesluit:

**Maandag, 15 Junie (spesiale skoolvakansiedag)**

**Dinsdag, 16 Junie (publieke vakansiedag)**



## NASKOOLTYE:

Die naskool sluit daagliks om 17:30.

'n Boete per halfuur of gedeelte daarvan sal teen u rekening gehef word indien die ouer/ouers na 17:30 opdaag om leerders te kom haal op enige dag. (R100-00 per kind per halfuur/gedeelte van elke halfuur).

## NASKOOL SPYSKAART:

| DATUM | ETE | 15:30-16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 11 Mei | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Dinsdag, 12 Mei | "Russians" & kapokaartappels | Vrug & sap |
| Woensdag, 13 Mei | "Chicken-a-la-king" | Vrug & sap |
| Donderdag, 14 Mei | Tunabroodjies | Vrug & sap |
| Vrydag, 15 Mei | Vetkoek met maalvleis | Vrug & sap |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

